Wes-Kaap Onderwysdepartement
S Dlamini
Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde
Sindiswa.Dlamini@westerncape.gov.za | 021 467 2739

Lêerno.: 4/4/3/1
Verwysing: 20220125-9270

Omsendbrief: 0007/2022
Vervaldatum: 31 Maart 2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Prinsipale, Opvoeders en alle Staatsdienspersoneel

Kort opsomming: *Bekendstelling van Fase Twee van die ontplooiing van die ePayslips-projek.*

Onderwerp: Ontplooiing van elektroniese salarisstrokies (ePayslips) – Fase twee

1. Soos volgens Finansiële Rekeningkundeminuut 0005/2021, gedateer 28 September 2021, het die Staatsinligtingstegnologie-agentskap en die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie die elektroniese versendingsproses van Persal-salarisstrokies via e-pos aan staatswerknemers suksesvol getoets.

2. **Gefasseerde ontplooiingsplan van ePayslips**

   Die tweede fase van die ontplooiing is gerig op werknemers met @wcgschools.gov.za e-posadresse. Verdere kommunikasie oor die derde fase van hierdie projek sal mettertyd volg.

FASE	TEIKENKLIËNTE	IMPLEMENTERINGSDATUM
Fase 1	Alle werknemers met @westerncape.gov.za e-posadresse	November 2021
Fase 2	Alle werknemers met @wcgschools.gov.za e-posadresse	**Maart 2022**
Fase 3	Administrateurs van elektroniese dokumentaflewering (EDD)	Volg mettertyd

3. **Toegang tot skole van die Wes-Kaapse Regering (WKR) se e-posadresse**

3.1 Die e-Leer Direktoraat van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het e-Leerminuut DEL 0001/2020, gedateer 26 Mei 2020 (**Bylae A**) uitgereik, wat aan alle amptenare gedistribueer is en alle WKOD-skoolpersoneel (beide opvoeders en nie-opvoeders) by gewone openbare en spesiale skole inlig dat toegang tot 'n provinsiale skole e-posadres deur 'n Office 365 aanlyn rekening aan hulle verleen is.

3.2 Dit is 'n webgebaseerde weergawe van Microsoft se Office Suite wat nie toegang tot enige van die WKOD-stelsels het nie en ook nie 'n ouditrisiko inhou nie. Die aanlyn rekening van Office 365 gee WKOD-skoolpersoneel (beide opvoeders en nie-opvoeders) toegang tot 'n volledige pakket van die Office 365 se aanlyn toepassings.

3.3 Die eerste aanmeldingsbesonderhede sal op SOBIS aan die prinsipaal beskikbaar gestel word om met die personeel te deel.

3.4 Indien WKOD-skoolpersoneel (beide opvoeders en nie-opvoeders) se besonderhede nie op SOBIS bygewerk is nie, sal hulle nie toegang tot hul nuwe e-posrekeninge kan verkry totdat hulle besonderhede op SOBIS bygewerk is nie.

3.5 Waar enige van die WKOD-skoolpersoneel (beide opvoeders en nie-opvoeders) se besonderhede op SOBIS bygewerk is en geen digitale aanmeldingsertifikaat vertoon nie, moet skole dit by die IT-hulptoonbank aanmeld (021 834 4690).

3.6 Neem asseblief kennis dat die gebruik van die diens en die provinsiale e-pos slegs bedoel is vir professionele, skool- of onderwysverwante sake.

4. **Toegang tot ePayslips**

4.1 Alle werknemers by **skole** met **WKR** e-posadresse sal 'n ePayslip e-pos ontvang. Sodra 'n ePayslip e-pos vanaf die elektroniese dokumentlewerings- (EDD)-stelsel ontvang is, kan werknemers met hul e-posadres of Persal-nommer registreer om toegang tot al hul salarisstrokies aanlyn te verkry. Die skakel na die EDD System End User Portal is soos volg: **http://portal.persal.gov.za/PersalEndUser**. 'n Voorbeeld van die ePayslip e-pos wat werknemers sal ontvang, is aangeheg as **Bylae B.**

4.2 Sodra werknemers hulle registrasie op die EDD-stelsel voltooi het, sal hulle hul huidige ePayslips moeiteloos en op eie gemak via hul rekenaars of slimfone kan sien en aflaai.

4.3 Die EDD-stelsel laat toe dat dokumente soos salarisstrokies elektronies na verskeie toestelle versprei kan word. Vir elke betalingsproses enkripteer en sorteer die EDD-stelsel elektroniese salarisstrokies in die verskillende WKOD-betaalpunte en stoor al die geënkripteerde salarisstrokies op die EDD-stelselbediener vanwaar die salarisstrokies aan elke werknemer beskikbaar gestel word.

4.4 Sodra die geënkripteerde salarisstrokies beskikbaar is, sal die EDD-stelsel ePayslips in wagwoordbeskermde dokumentformaat (pdf) aan werknemers via hul WKR e-posadresse stuur. Werknemers moet hul unieke 13-syfer identiteitsnommer gebruik om hul ePayslips oop te maak.

4.5 Dienooreenkomstig die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013), is alle nodige maatreëls getref om te verseker dat die beskerming van persoonlike inligting nagekom en te alle tye gehandhaaf word.

4.6 Alle werknemers van die WKOD sal toegang hê tot 'n gebruikershandleiding wat enige tyd gebruik kan word. Die gebruikershandleiding bevat al die noodsaaklike inligting vir werknemers om die EDD System End User Portal ten volle te benut. Hierdie handleiding bevat 'n beskrywing van die portaal se funksies en vaardighede, asook stap-vir-stap prosedures vir stelseltoegang en -gebruik. Alle werknemers moet hulself vergewis van die gebruikersriglyne. (**Bylae C**).

5. **Betaalstaatbeheerprosedures**

5.1 Huidige betaalstaatbeheerprosedures sal nie geraak word deur die aanvaarding van die ePayslip-proses via die EDD-stelsel nie.

5.2 Die WKOD moet steeds voldoen aan Nasionale Tesourie-regulasie 8.3.4, wat op 15 Maart 2005 uitgereik is, ingevolge artikel 76 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), wat bepaal dat die diegene in beheer van die onderskeie betaalpunte op die datum van betaling moet sertifiseer dat almal wat op die betaalstaatverslag gelys is op betaling geregtig is.

5.3 Betaalmeesters word steeds vereis om te verklaar dat elke werknemer 'n aktiewe werknemer van die WKOD is en in aanmerking kom om 'n salaris te ontvang via die Mensebestuurspraktykestelsel.

5.4 Kontak asseblief WCED.Payslips@westerncape.gov.za vir enige navrae oor die ePayslips en salarisstrokies.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle genoemde werknemers.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-02-18